



Pierneef Gemeente

Kantoorure: Ma, Wo & Vr, 8:00 -12:00 **Tel:** 012 333 4273
Sel: 072 137 4407 **Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA,
Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568)

Gemeente-sekretaris: Steve Swart (072 137 4407)

Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

Die BoodsAPPER

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za



Bybelboks- Maak 'n verskil!

Pierneef- Groen

Ons gaan die maand weer vir die Somerseisoen begin plant in ons groentetuin. Ons het dit goed gedink om slegs 'n paar tipes groente te plant die jaar, sodat daar 'n groter opbrengs sal wees, dat ons weekliks dit ook kan gebruik vir ons voedselprojek. Indien jy graag wil bydra (plante, sade of ander skenkings) of kom help plant, kontak ons gerus!

Ons plant die jaar TAMATIES, GREENPEPPERS EN VERSKEIE BLAARSLAAIE.

Uitnodiging: Magaliesberg stap

Die Kleingroep nooi julle uit om Saterdag, **3 Oktober** saam met ons te kom stap. Ons begin **7:30** saam met 'n groep stappers wat elke Saterdag die staproete teen die Magalies uit doen vir pret. Dis 'n wonderlike manier om jou Saterdag te begin (die uitsig is iets besonder!) Die roete is kindervriendelik, so, almal is welkom! (Bel gerus Charene om uit te vind oor die detail van die roete). Daar is 'n 5 en 9 Km roete wat begin by die Respek Restaurant in Waverley. (H/v. Codonia en Moulton, Moulton Laan 1170, Winkel 6a, Moulton Sentrum). Vir enige navrae kontak gerus Charene (082 834 9971) of Sandra (061 930 6540).

LEES HIER!

Ons is van 21 September op Vlak 1 van die inperking. Dit beteken dat ons meer mense kan akkomodeer in die eredienste op Sondae (en ook ander dienste). Ons mag 50% van ons spasie in die kerk gebruik, dit beteken dat ons 120 mense per diens mag wees, terwyl ons steeds 'n veilige afstand van mekaar is.

Dus: **NOU IS DIE TYD OM WEER KERK TOE TE KOM!** Ons sien uit om julle weer hier te hê! Dit gaan steeds nodig wees om jou naam voor die tyd vir ons te stuur vir ons register sodat ons jou kan verwelkom op Sondae, maar jy hoef nie skaam te wees om op nr 99 ons te laat weet nie. Daar is nou oor genoeg plek!

Ons vier die jaar die Gemeente se 70ste verjaarsdag!

30 September (Woensdag):

9:00 & 18:30 Dankdiens en Nagmaal,
Saamkuier na die diens.

4 Oktober (Sondag):

9:00 Lofdiens en Nagmaal, Saamkuier na die diens.

17:00 Spesiale diens en Nagmaal, Saamkuier na die diens.

Ons wil graag genoeg geleentheid bied vir almal om die eredienste en kuiergeleenthede by te woon, dus is jy welkom om die tyd (Woensdag en Sondag) te kies wat jou die beste pas.

Bespreek asb solank by Steve: 072 137 4407 of kantoor@ngkpierneef.co.za

4 Oktober – Spesiale diens (17:00)

Ons gas vir die aand, Leonard Griebenow (van Bornfire), lei ons spesiale aanbidding vir die aand. Die diens gaan besonders anders wees. Nooi gerus jou vriende en familie vir die geleentheid!

Dorkas se Kombuis

Dankie vir elkeen se bydrae wat elke week se pakkies moontlik maak!

Elke bydra, skenking, boodskap en gebed maak 'n enorme verskil in die lewens van die gesinne in ons gemeenskap!

Gebedsbediening

KOM ONS BID VIR:

- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb** vir Piet de la Rey wat herstel in Eugene Marais se Step-down eenheid.
- **Neels van Schalkwyk wat gediagnoseer is met murgbeenkanker.**
- Paul se pa wat gediagnoseer is met kolonkanker.
- Lindie wat hierdie week vir verdere toetse was.
- Natie du Plessis wat hierdie week vir mediese toetse was.
- **Bid** dat opvoeders by alle instellings met geduld en wysheid sal onderrig. (Kolosense 2:8)
- **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie euwel vernietig sal word.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

Dankoffers in Afsondering

Weens die Covid-regulasies kan baie van ons groot fondsinsamelings waarop ons steun nie hierdie jaar voortgaan nie. Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening inbetaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v. saalhuur, dankoffers, ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd normale betalings te maak, dit kan per eft of koevert by die kerk gedoen word. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Ons hou "Jumble sale" (26-28 Nov) en Veiling (28 Nov)!

Alle skenkings is welkom! Skenk gerus enige van die volgende items wanneer jy weer huis regpak: Klere, skoene, kombuisware, elektroniese toestelle, boeke, en somer enige iets interessant wat net staan en stof opgaar! Items kan gedurende kantoorure by die kerk afgelaai word. Skenkings van groter/duurder items is ook welkom vir die veiling. Kontak gerus vir Calla (082 455 2976) in hierdie verband.

Roma herlewing. Die Roma, beter bekend as 'gypsies', word as 'n plaag in Europa gesien omdat hulle bedel, steel asook oor hul alkoholgebruik en seksuele gewoontes. Tog vind daar in die laaste 20 jaar 'n ongekende herlewing onder die Roma in Europa plaas. Soos wat die Roma in Slowakye na Christus draai, het misdaad drasties afgeneem. Die plaaslike polisie en regering het dit begin raaksien en het spoedig met die kerk begin saamwerk. Dank God vir hierdie gemarginaliseerdes wat nuwe hoop in Jesus gevind het. www.tr.im/wb37

Gaan "like" ons Facebookblad!



"Pierneef Gemeente"



Ons Verjaardag-gemeenteboekie sal elektronies beskikbaar wees. Indien jy graag 'n "harde kopie" wil hê, bestel dit asb by die kerkkantoor teen 27 September. Die prys van die boekies sal later deur gegee word want ons wag nog vir kwotasies.



Verjaardae die week:

- 9/20 Me Vanessa Rousseau 082-795 2472
- 9/20 Mev Carol Van der Westhuizen 083-348 7826
- 9/22 Mnr Nico Cornelius 083-878 9713
- 9/22 Mev Marie Van Wyk 072-624 7574
- 9/25 Me Sonia Fouch 083-227 8163
- 9/25 Mnr Christo Murphy 082-556 9863
- 9/25 Mnr Michael Williams
- 9/26 Mnr Tobie Cornelius 082-871 4669

Jesus Christus

Ons glo in Jesus Christus wat deel is van die Drie-Enige God. Hy is God in mens-vorm en is ook die Seun van God. Jesus het op aarde gewoon om vir ons te wys dat Hy deel is van ons wêreld. Hy het aarde toe gekom om vir ons God se genade te verduidelik en om as 'n voorbeeld vir ons te leef. Hy moes mens word om God se Koninkryk vir ons sigbaar te maak en ook sodat Hy ons kan leer hoe om as Sy dissipels (volgelingen) te leef.

Luister: Lukas 2:8-20

Dink:

- Hoekom sluit die manier waarop Jesus mens geword het arm skaapwagters, 'n eenvoudige stal en jong ouers in?
- In vers 11 noem die engel vir Jesus: "Die Verlosser" en "Christus, die Here". Wat beteken hierdie 2 titels vir jou?
- Omkring al die emosie-woorde in verse 8-14. Watter van hierdie woorde beskryf jou lewenservaring tans? Wat beteken dit vir jou dat Jesus mens geword het en jou emosies verstaan?
- Watter werkwoorde word gebruik in verse 15-20? Watter wenke gee dit vir jou oor hoe Jesus jou lewe kan vorm?
- Watter beeld sal jy gebruik om aan iemand te verduidelik dat Jesus terselfdertyd mens én God was op aarde?

Doen:

- Die wonder van Jesus se geboorte is iets wat ons dikwels slegs oor Kersfees vier. Speel 'n Kersfees CD, sing 'n paar Kersliedere of hou 'n kersete om te onthou dat ons elke dag Jesus se menswording moet vier.

Bid:

- Staan onder die sterre (soos die skaapwagters) en deel al jou menslike emosies met Jesus.

Tiener-fokus:

- Skryf 'n gedig of 'n lied oor wat hierdie teksgedeelte en Jesus se menswording vir jou beteken.
- Kyk op die internet watter ander titels en metafore Jesus beskryf.

Familie-fokus:

- Maak lekkergoed skapies uit malvalekkers (kyk gerus op die internet vir idees). Gaan gee vir iemand hierdie skapie en vertel vir hulle van hoe die skaapwagters eerste gehoor het van Jesus wat gebore is. Speel die verhaal van die skaapwagters en engele deur 'n vuurtjie buite te maak en vir die sterre te kyk. Gesels wees oor die storie en wat dit beteken.

Advertensies

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.



353, 30th Avenue c/o Piemeef St
Villiera, Pretoria 0186
René de Waal +27 83 324 4375
Reception +27 83 291 0020
Agapanthus Guest House
"Since 2009"
agapanthusbnb@gmail.com
www.agapanthusguesthouse.co.za

*Agapanthus Guest House:
Oop vir noodsaaklike dienste!*

2 Gesinne het hulp nodig agv die grendeltyd. Indien u met enige vd volgende kan help kontak asb vir Rhona (082-497 3050):

- Yskas, mikrogolf, ¾ bed en tv.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Neem asb Kennis:

Weens sekere regulasies en die onsekerheid van wanneer ons weer in groter groepe saam mag kuier, word:

- Die Gemeentekamp van September tentatief geskuif na 'n latere datum. Die datum sal gekommunikeer word.
- Die Feestelikhede (saamkuiergeleenthede) van die Gemeente verjaardagweek word geskuif na Maart 2021 (saam met die Basaar). LW. Die spesiale eredienste en koek & tee van die Gemeente verjaardagweek gaan steeds voort.
- Die Gholfdag (6 Nov) gaan nie op 'n formele basis voort as fondsinsameling soos die vorige jare nie, die wat graag die dag saam met ons wil geniet, is welkom om 'n 4-bal in te skryf. Daar sal 'n Gholfdag (soos ons dit ken) vir fondsinsameling vroeg in 2021 gereël word. Verdere besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word!

HERWINNING

Ons herwin papier, plasties, glas en blik vir Pen. Die papier word in die sakke wat aan die buitekant van die heining by die buitekamer gesit en die res word in die sakke wat aan die binnekant van die heining by die buitekamer gesit. Bokant al die sakke is notas aangebring wat aandui wat daarin gegooi kan word.

Pen is 'n Christelike welsynsorganisasie wat afval gebruik om werk te skep.